



***Sacrum suum verbum* – aspekte van Calvyn se Skrifbeskouing in sy Kategismus van 1545**

V.E. d'Assonville¹
Departement Ekklesiologie
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-pos: vicdas@xsinet.co.za

Qua via ad tantum bonum pervenitur?
In hunc finem, sacrum suum verbum nobis reliquit. Est
enim spiritualis doctrina, quaedam veluti ianua, qua
ingredimur in coeleste eius regnum.²

Abstract

***Sacrum suum verbum* – aspects of Calvin's view of Scripture in his 1545 Catechism**

The succession of spiritual streams that followed in the wake of the Reformation gave rise to seismic shifts in the way Scripture was viewed, the consequences of which still have decisive significance in theology today – most inevitably for preaching and catechism. Semler's book "Abhandlung von freier Untersuchung des Canon" (1771-1775), with its insistence on a separation between Scripture and Word, played a far-reaching role in this regard. Against this backdrop, and with the doctrine of Scripture in Calvin's Catechism (1545) yet to be examined (in contrast with his "Institutes", for example), this article focuses

1 Dr. Victor E. d'Assonville, beklee 'n pos vir Internasionale Reformasie-navorsing aan die ART (Akademie für Reformatorische Theologie), Hannover en is mede-direkteur van die IKRS (Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies) in Bloemfontein.

2 Geneefse Kategismus, vr. 300 [301] (CStA 2,110,1-3; CO 6,108):

Hoe verkry 'n mens só 'n groot skat?

Vir hierdie doel het Hy sy Heilige Woord vir ons nagelaat, want dit is die geestelike onderwysing, waardeur ons soos deur 'n deur tot sy hemelse koninkryk toetree.

on the issue of authority in catechesis. Given the central place that catechism occupied in Calvin's ministry and in his emphasis on Word ministry, this issue lies at the heart of the subject of "Calvin as catechist".

The investigation has delivered exceptional results. Calvin's handling of Scripture is quite dynamic. In a discussion on authority, he uses the concept of "Word" to refer implicitly to Scripture, while simultaneously binding it directly to the revelation in Christ. By referring to that which "is established from the Word", he indicates the primacy of Scripture in the issue of authority. Scripture in its entirety is revered to as the Word of God, and is valid as such for the (whole) church. It is therefore not possible to detach "sola Scriptura" from either "tota Scriptura" or "una Scriptura".

According to Calvin in his Catechism, Scripture is valid as the sufficient authoritative foundation for theological and confessional pronouncements. In this regard, it is especially the connection between Word and Spirit that is of fundamental significance. The effect of this is that the doctrine of Scripture is not only of bibliological importance, but it also has other theological implications – most notably for christology, pneumatology and soteriology.

Opsomming

***Sacrum suum verbum* – aspekte van Calvyn se Skrifbeskouing in sy Kategismus van 1545**

Die opvolging van geestestrominge ná die Reformasie het grondverskuiwings in Skrifbeskouing tot gevolg gehad wat tot in ons tyd van deurslaggewende betekenis in die teologie is – uiteraard met noodwendige konsekwensies vir prediking en kategeese. Hierin het Semler se boek "Abhandlung von freier Untersuchung des Canon" (1771-1775) met sy aandrang op 'n skeiding tussen Skrif en Woord 'n verreikende rol gespeel. Teen hierdie agtergrond en terwyl die Skrifleer in Calvyn se Kategismus (1545) – in teenstelling met byvoorbeeld sy "Institusie" – nog nie ondersoek is nie, gaan hierdie artikel in op die vraag oor gesag in die kategeese. Spesifiek vir die tema "Calvyn as kategeet" is hierdie vraag belangrik in die lig van die sentrale plek wat katekisasie in Calvyn se dienswerk en sy beklemtoning van die Woordbediening ingeneem het.

Die ondersoek het besondere resultate opgelewer. Calvyn gaan dinamies met die Skrif om. Wanneer hy 'n gesagsaanspraak maak, verwys hy met die begrip "Woord" implisiet na die Skrif, en terselfdertyd verbind hy dit direk met die openbaring in Christus. Deur te verwys na dit wat "vasstaan uit die Woord", lig hy die Skrif se primaat in die gesagsvraag uit. Die hele Skrif

word as die Woord van God geag en geld vir die (hele) kerk as sodanig. "Sola Scriptura" kan dus nie van "tota Scriptura" of "una Scriptura" losgemaak word nie.

Die Skrif geld volgens Calvyn in sy Kategismus as voldoende gesaghebbende begronding vir teologiese en belydenisuitsprake. Veral die binding tussen die Woord en die Gees het hier prinsipiële betekenis. Dit bring mee dat die Skrifleer nie slegs van bibliologiese belang nie, maar dat dit benewens ander teologiese ook christologiese, pneumatologiese en soteriologiese implikasies het.

1. Inleiding

1.1 Op die teologiese kruispad

Soos wat die denkbewegings van die moderne tyd³ mekaar sedert die Reformasie in die sestiende eeu opgevolg het, was dit veral die protestantse Ortodoksie wat direk in die tyd ná die Reformasie in die kerkgeskiedenis op die Europese vasteland groot invloed uitgeoefen het. As reaksie hierteenoor kan die ontstaan en die groei van die Piëtisme in die laat-sewentiende en die agtiende eeu onder meer verklaar word. Uiteraard was daar ook impulse uit ander hoeke wat tot die Piëtisme bygedra het, byvoorbeeld die sewentiende-eeuse *Nadere Reformatie* in die Nederlande. Sowel die Ortodoksie as die Piëtisme sou egter in hulle teologiese fundamente geruk word deur die opkoms van die sewentiende- en agtiende-eeuse Aufklärung (Verligting) en die ingrypende gevolge daarvan vir filosofie, teologie en kerk. Hierdie opvolging van geestestrominge vorm die agtergrond van grondverskuiwings in Skrifbeskouing wat tot in ons tyd van deurslaggewende betekenis in die teologie is, met noodwendige konsekwensies vir prediking en kategeese. Dit is immers bekend dat dít wat vandag vanaf die kateder onderrig word, môre vanaf die kansels gepreek word en in die kategeese geleer word.

So was dit ook die geval in die Duitse stad Halle, 'n stad waar die universiteit as 'n bolwerk van die Piëtisme bekend was. Daar sou vanuit universiteitsgeledere in 1771 'n totaal nuwe historiese rigting

3 Met die "moderne tyd" word ooreenkomstig die gebruik in Europese historiografie rofweg die tyd sedert die Reformasie tot vandag, met ander woorde vanaf die sestiende eeu (na afloop van die Middeleeue) tot die huidige era bedoel. Vergelyk die titel van die geskiedenisuitgawe van *Spiegel Geschichte* (Heft 5, 2009): *Die Geburt der Moderne: Zeitenwende um 1500 – als die Welt sich neu erfand* (Müller von Blumencron & Mascolo, 2009).

ingeslaan word – ironies genoeg lynreg téén die Piëtisme. ’n Boek het naamlik in hierdie jaar die lig gesien, op die oog af beskeie, sy omvang was maar 129 bladsye. Dit sou egter die eerste deel van ’n omvattende vierdelige werk vorm, wat in reëlmaat tussen 1771 en 1775 verskyn het. Hierdie werk (vgl. Semler, 1967), die *Abhandlung von freier Untersuchung des Canon* deur die protestantse teoloog Johann Salomo Semler, was onder meer teologies gerig teen die heersende Skrifbeskouing(-s) van sowel die protestantse Ortodoksie as die Piëtisme – ofskoon Semler (1725-1791) self ’n produk van die latere Piëtisme was (vgl. Hirsch, 1968:48). Die eerste deel, wat die groot impak op die teologiegeskiedenis gehad het, is in 1776 in ’n tweede uitgawe daarvan deur die skrywer opnuut verwerk, uitgebrei en uitgegee (Scheible, 1967:6). Die uitwerking van hierdie publikasie sou onbeskryflik omvangryk wees en duur tot vandag toe voort.

Semler se tydgenote het verrassend snel gereageer. Aan die een kant het daar sterk weerstand teen sy teorieë ontwikkel, maar aan die ander kant was daar diegene wat hom as die Luther van die agtiende eeu beskryf het. Scheible (1967:6) oordeel dat ’n mens hierdie vergelyking selfs nog verder kan neem: soos Luther met sy 95 stelling vir die protestantse teologie die pad oopgebreek het, het Semler met sy *Abhandlung von freier Untersuchung des Canon* op sý beurt die weg gebaan vir die histories-kritiese navorsing van die Bybel, aldus Scheible.⁴ ’n Mens sou kon byvoeg dat Semler finaal die spoorwissel verskaf het waarlangs die spore vanaf die reformatoriese Skrifbeskouing na die Skrifbeskouing van die histories-kritiese teologie verwissel is.

1.2 Skrifbeskouing en teologie

Semler se aandrang daarop dat *Woord* en *Skrif* geskei moet word, het die heersende belydenis oor die Skrif ’n gevoelige hou toege-dien. Ofskoon daar reeds vroeër benaderings na vore getree het wat aan die fundamente van die reformatoriese Skrifbeskouing begin uitkalwe het (vgl. D’Assonville, 1998:3), sou die *Abhandlung von freier Untersuchung des Canon* die nuwe speerpunt vorm. Hiervolgens is die belydenis dat die Skrif die Woord van God is (*sacra Scriptura est Verbum Dei* – vgl. Berkouwer, 1967:128), nie net be-

4 Scheible (1967:6) betrek spesifiek ook die verbale inspirasieteorie van die Ortodoksie in sy beoordeling van die betekenis van Semler (1771) se werk. Vir hierdie ondersoek gaan dit egter nie oor die vraag oor die ontstaan van die Skrif nie, maar oor die gesag van die Skrif, spesifiek met verwysing na die verhouding tussen die geskrewe en gesproke Woord van God.

vraagteken nie, maar as onhoudbaar beskryf (vgl. Semler, 1967:60 e.v.). Nie alle boeke wat “unter den Juden” tot die Heilige Skrif getel het, hoort “zum Worte Gottes” (Semler, 1967:60) nie. Deur Semler se konsekwente skeiding van Skrif en Woord is ’n nuwe era in die teologie ingelui.

Dem geschichtlichen Urteil heute wird es unzweifelbar sein, daß Semler die geschichtliche Wende von der altprotestantischen zur neuprotestantischen Theologie heraufgeführt hat. (Hirsch, 1968:49.)

1.3 Kategese, gesag en die Skrif

’n Grondliggende vraag by katekisasie en kategetiese onderrig is die vraag oor die gesag en grondslag waarop hierdie onderrig berus. In wie se naam word onderrig? Op wie se bevel word onderrig? Wat word onderrig, op watter grondslag en met watter gesag?

In die lig van Semler se epogmakende werk, wat teologies-histories en selfs chronologies bykans presies halfpad tussen die verskyning van die Geneefse Kategismus in 1542/1545 en ons tyd staan, is dit gepas om die Geneefse Kategismus met hierdie vraagstuk oor die gesag en grondslag voor oë te ondersoek, nie slegs uit historiese belangstelling nie, maar ook en juis vir die kategese vandag. Aan die hand van die 1545-tekst⁵ van die Geneefse Kategismus kom hierdie vraag en Calvyn se kategetiese hantering daarvan aan die orde – ook teen die agtergrond van die “Wirkung” van die Skrifleer in Semler se *Abhandlung*.

In die teologie kan die vraag oor gesag en grondslag aan die hand van verskillende invalshoeke behandel word, byvoorbeeld die christologiese, die pneumatologiese, die ekklesiologiese, ensovoorts. In hierdie artikel word die vraag egter primêr toegespits op die Skrifleer. Wat is die Skrifleer van die Geneefse Kategismus? Of anders gestel: Watter gesag lê ten grondslag aan die onderrig in die Geneefse Kategismus?

Hierdie vraagstuk is belangrik ten opsigte van die tema Calvyn as kategeet, want ofskoon Calvyn se Skrifbeskouing in die Calvynnavorsing die afgelope eeu gereeld aandag ontvang het,⁶ was die

5 Vergelyk CO 6,1-134; OS II,72-151; CStA 2,10-135.

6 Vergelyk Opitz (2008:231):

Die Frage nach Calvins Verständnis und seiner Auslegung der Bibel berührt unvermeidlich eine ganze Reihe von Themenfeldern, die in

fokus van sodanige ondersoek nooit uitsluitlik op sy 1545-Kategismus alleen nie. Van 't Veer (1942:160 e.v.) gaan wel op die Skrifvraagstuk in, maar primêr binne die wyer verband van “de prediking als middel tot het onderrichten in de leer der waarheid”:

... Vragen, die betrekking hebben op de Schrift als het Woord Gods, met haar eigenschappen van auctoritas, necessitas, perspicuitas en sufficientia; de verhouding van Schrift en kerk; van Schrift en traditie; van Woord en Sacrament; en daarmee samenhangend de kwestie van geloof en sacramenteele genade, enz. (Van 't Veer, 1942:160).

In sy hantering van hierdie tema fokus Van 't Veer (1942:167 e.v., veral 170-172) op 'n prinsipiële bespreking van die kategismusreek en katekisasie waarin hy aansluiting vind by Calvin se beroep op die Vroeë Kerk wat hy in die brief aan die “Leser” maak (voorwoord van die Kategismus) – met die gesagsdimensie daaraan verbonde.⁷ 'n Bepaalde Skrifbeskouing word wel veronderstel, maar Van 't Veer ondersoek die Skrifleer van die Kategismus nie eksplisiet met betrekking tot of verwysing na die inhoud of teks van die 1542/1545-Kategismus as sodanig nie.⁸ Hesselink is in hierdie opsig 'n uitsondering deurdat hy pertinent Calvin se Skrifleer en die vraag oor die kategetiese hantering daarvan vermeld, maar dan spesifiek in Calvin se 1538-Kategismus (Hesselink, 1997:54-60). Binne hierdie verband verwys hy ook na die 1545-Kategismus:

For some inexplicable reason Calvin does not have a separate treatment of Scripture, either in his first Catechism [1538 –

der Calvinforschung, zum Teil seit langem, diskutiert werden; sie führt darüber hinaus in die Grundspannung hinein zwischen einem historisch-genetischen und einem theologischsystematischen Zugang zu Calvins Schriften.

Vergelyk verder Neuser (1976; 1994; 1998:243), Opitz (1994a:245 e.v.), Schulze (1980), D'Assonville (1998) en Balke (2003:47-49;57-59).

- 7 Van 't Veer (1942:168, vgl. voetnote 3 en 4) verwys na CO 6,4 en CO 6,7-8.
- 8 Binne die raamwerk van belydenisskrifte uit die hand van Calvin word in D'Assonville (1998:123-131) wel ook die Geneefse Kategismus hanteer, maar dan slegs afgebaken binne die verhouding tot NGB art. 3 en met verwysing na enkele begrippe. Jacobs (1959:105) weer hanteer wel die tema “Vom Worte Gottes” waar die Geneefse Kategismus kortliks ter sprake kom, maar hy doen dit binne die nog wyer konteks van gereformeerde belydenisskrifte, daaronder ook die NGB, die *Scotica*, die *Helvetica Posterior*, ensovoorts, dus nie uitsluitlik met aandag aan die Geneefse Kategismus nie. Hy gaan hoofsaaklik op die verhouding tussen die wet en die evangelie in.

VE'd'A] or in the later *Geneva Catechism* [1545; beklemtoning – VE'd'A]. (Hesselink, 1997:54.)

Wat die 1545-Kategismus betref, bly dit egter by hierdie verwysing. Terwyl Hesselink wel 'n gedifferensieerde verklaring vir hierdie “omission in the Catechism” gee (1997:54), berus sy verdere bespreking van Calvyn se Skrifleer egter deurgaans op die *Institusie* (1997:55-60). Ook beperk hy hom tot die vraag oor Calvyn se uitdruklike formele hantering van die Skrifleer.⁹

2. Historiese agtergrond: 1538-1541

2.1 Straatsburg

In die drie jaar (1538-1541) wat Calvyn as banneling in Straatsburg deurgebring het, het hy 'n besonder gelukkige bedieningstyd gehad. Buiten sy deelname as een van die verteenwoordigers en advokate vir die Reformasie aan die belangrike internasionale godsdiensgesprekke in Hagenau (1540), Worms (1540) en Regensburg (1541) was sy Straatsburgtyd ook baie vrugbaar wat publikasies betref. In 1539 het sy tweede hersiene uitgawe van die *Institusie* (1539), sy *Kommentaar op Romeine*, sy *Antwoord aan Sadoletus* asook die eerste gereformeerde Psalmboek, *Aulcuns pseaulmes et cantiques mys en chant* almal die lig gesien. In die jaar daarop skryf Calvyn in Straatsburg sy beroemde *Klein traktaat oor die Heilige Nagmaal*, wat in 1541 gepubliseer word.

Oor die katkisasiesituasie in Straatsburg in die vroeë tyd van die Reformasie – vóór 1538 – en die rol van onder andere Martin Bucer, Wolfgang Capito en Jean (Johannes) Sturm¹⁰ daarin is daar taamlik baie dokumente wat hieroor insae bied (vgl. Van 't Veer, 1942:46 e.v.; Verboom, 1986:44-52). Daarteenoor is die gegewens oor die kategeese in Straatsburg se Franse vlugtelinggemeente, spesifiek in die tyd van Calvyn, 1538-1541, meer beperk (Van 't Veer, 1942: 269). Oor die tyd vanaf Calvyn se terugkeer vanuit Straatsburg na Genève in 1541 is daar egter weer heelwat meer toeganklike bronne wat perspektief op sy werk as kategeet en sy siening van katkisasie bied.

9 Hesselink (1997:54) dui hierdie vraagstuk aan deur te wys op die “... separate treatment of Scripture ...” en “... the Reformation doctrine of *sola Scriptura*”.

10 'n Beroemde pedagoog van Straatsburg en die eerste rektor van die universiteit aldaar sedert 1538. Hy is nie te verwar met Jacob Sturm, politikus (*Stadtmeister*) in Straatsburg nie – Jean Sturm was nie familie nie.

2.2 Geneefse Kategismus (1542/1545)

Onmiddellik ná sy aankoms in Genève in September 1541 spring Calvyn al aan die werk om aandag te gee aan die kerkorde (die *Ordonnances ecclésiastiques*; vgl. CStA 2,227-279). Hierin sou die bepalings vir kategetiese uiteraard ’n sentrale plek inneem (vgl. Van ’t Veer, 1942:40). Kort daarna, November 1541, het hy saam met die kerkorde en die riglyne vir die erediens ook ’n kategismus in Frans opgestel, wat as die Geneefse Kategismus bekend sou word (Saxer, 1997:1,2; Freudenberg, 2008:207). Die Franse Kategismus¹¹ (CO 6,1-134) is in 1542 gepubliseer en in 1545 is ook die Latynse weergawe¹² daarvan (CO 6,1-134; OS II,72-151; CStA 2,10-135) uitgegee. Weens Calvyn se outeurskap word hierdie kategismus ook die Kategismus van Calvyn genoem, gewoonlik met die aanduiding van die publikasiejaar (1542/1545) om dit van die vroeëre kategismus van 1537 (Frans) en 1538 (Latyn) te onderskei, wat as die 1537- of 1538-Kategismus, die Eerste Kategismus van Calvyn bekend staan (vgl. Hesselink, 1997).¹³ ’n Uitvoerige motivering vir die noodsaak om hierdie “nuwe” kategismus op te stel en uit te gee en waarom die vorige een nie eenvoudig oorgeneem is nie, maar deur hierdie kategismus “vervang” moet word, word deur Calvyn in die voorwoord van die Latynse uitgawe van die 1545-Kategismus gegee:

... Want aangesien ek sewe jaar tevore [= 1538 – VEd’A] ’n bondige samevatting van die godsdienst onder die naam kategismus uitgegee het, was ek bevrees dat dit in plaas van hierdie een teen my wil weer uitgegee kon word, indien ek dit nie deur hierdie uitgawe sou voorspring nie. As ek dus die openbare belang in ag sou neem, sou ek daarvoor sorg moes dra dat hierdie uitgawe [1542/1545 – VEd’A], waaraan ek voorkeur verleen, sy regmatige plek inneem.¹⁴

11 Le Catechisme de l'Eglise de Genève, c'est a dire le Formulaire d'instruire les enfans en la Chrestienté: Faict en maniere de dialogue, ou le ministre interroge et l'enfant respond (CO 6,1/2).

12 Catechismus ecclesiae genevensis, hoc est formula erudiendi pueros in doctrina Christi (CO 6,1/2).

13 Frans: “Le premier Catéchisme Français de Genève” (CO 22,[25]33-74; OS I,378-417).

Latyn: “Catechismus, sive christianae religionis institutio ...” (CO 5,323-362). Ofskoon die kategismus waarskynlik eers in Latyn geskryf is, is die Franse uitgawe eerste gepubliseer (1537) en die Latynse uitgawe in 1538 (De Greef, 2009:156).

14 Vergelyk CO 6,7/8; OS II,73,34-39; CStA 2,12,33-14,2:

3. Indeling van die Geneefse Kategismus¹⁵

Die bestek van hierdie artikel laat dit nie toe om in detail die indeling en samestelling van die 1545-Kategismus van Calvyn te bespreek nie, nog minder om dit met sy 1537/1538-eweknie te vergelyk nie. Daaroor is egter genoegsaam literatuur toeganklik (vgl. byvoorbeeld Saxer, 1997:3-7). Ter wille van die teologiese beoordeling van verskillende uitsprake waarin die Skrifbeskouing van die Kategismus duidelik word, word die struktuur en indeling van die Kategismus net kortliks vermeld.¹⁶

Die Kategismus is deur Calvyn in vier hoofdele ingedeel:

- *De fide* (oor die geloof): vr. 1-131 (CO 6,10-52; OS II,75-96; CStA 2,17-57). Hierin is die inleidende vrae, die uitleg van die Apostoliese Geloofsbelydenis sowel as vrae oor die geloof, die regverdigmaking, heiligmaking, ensovoorts.
- *De lege* (oor die wet): vr. 132-232 (CO 6,52-82; OS II,96-112; CStA 2,57-85). Die uitleg van die Tien Gebooie, naasteliefde en die verskillende gebruike van die wet.
- *De oratione* (oor die gebed): vr. 233-295 (CO 6,82-106; OS II,113-127; CStA 2,85-109). Uitleg van die Onse Vader en algemene vrae oor bid.
- *De sacramentis* (oor die sakramente): vr. 296-373 (CO 6,108-134; OS II,127-144; CStA 2,109-135). God se Woord, prediking, die amp van die bedienaar van die Woord, die sakramente, daaronder die doop en die Nagmaal en ook die kerklike tug.¹⁷

... Nam quum ante annos septem edita a me esset brevis religionis summa sub Catechismi nomine: verebar nisi hoc in medium prolato anteverterem, ne illa, quod nolebam, rursum excuderetur. Bono igitur publico si vellem consultum, curare me oportuit, ut hic, quem ego praeferbam, locum occuparet ...

- 15 Die ondersoek is beperk tot die Latynse weergawe van die Geneefse Kategismus (1545) – vgl. 1.3 bo (CO 6,1-134; OS II,72-151; CStA 2,10-135).
- 16 Die grondteks uit CO se vrae is nie genommer nie, maar word egter in die numeriese volgorde vir verwysing gevolg, ook in ooreenstemming met CStA, waarvan die vrae wel genommer is. Soos reeds genoem, word die Latynse teks gevolg.
- 17 Hiermee stem die vierde deel van die kategismus inhoudelik met die vierde boek van die finale uitgawe van die *Institusie* ooreen deur "Wort Gottes, Predigtamt, Sakramente und Abendsmahlzucht ..." te behandel (CStA 2,109).

Die oorspronklike opskeif van die vierde deel, “Oor die sakramente” (*De sacramentis*) is later deur Beza met die opskeif “oor die Woord van God” (*De verbo Dei*) vervang, terwyl “Oor die sakramente” as opskeif – ooreenkomstig opmerkings van Calvin in die Franse uitgawe – later in dieselfde deel, voor vraag 309, ingevoeg is (CStA 2,109, voetnoot 70; 113; vgl. ook CO 6,108, voetnoot 2).¹⁸

4. “Om God ... te leer ken”

In vraag 1 van die Geneefse Kategismus lê Calvin die verband tussen die belangrikste doel (*finis*) van die mens se lewe en die kennis van God:

[Vr. 1]

Bedienaar (= B): Wat is die belangrikste doel van die mens se lewe?

Kind (= K): Om God deur wie die mense geskape is te leer ken.¹⁹

Die ooreenkoms van die eerste vraag van die Kategismus met die beroemde inleidende sin van Calvin se *Institusie* (reeds sedert die eerste uitgawe van laasgenoemde in 1536) is opvallend. In sy *Institusie* vorm die “kennis van God”, om Hom te ken – binne die verband met kennis van onself – ook die basis waarop hy die hele uiteensetting van die onderrig van die Christelike godsdiens²⁰ ontvou (vgl. D’Assonville, 2001:97):

18 In sy Afrikaanse vertaling van die Geneefse Kategismus van 1545 het H.W. Simpson gebruik gemaak van die teks wat Theodore Beza in 1575 deur Santandreas laat publiseer het (Simpson, 1981:[iii]). Dit verklaar die indeling van die Afrikaanse vertaling (Calvin, 1981), ook waar die nommers van die vrae vanaf vr. 48 in die Simpson-vertaling verskil van die grondteks (CStA 2,30 e.v.). In Calvin (1981) wat op die Santandreas-tekste berus, word die oorspronklike vr. 54 (vgl. OS II,81-82; in CO 6 ontbreek die nummering) ná vr. 48 ingevoeg en inhoudelik, ofskoon nie verbatim nie, weer as vr. 55 herhaal. In hierdie studie volg ek die nummering van CStA 2 wat met OS II ooreenkom.

In die hantering van die Geneefse Kategismus in hierdie artikel het ek met waardering van Simpson se vertaling gebruik gemaak, ofskoon ek ook, wanneer ek dit nodig geag het, in my selfstandige weergawe van die oorspronklike Latynse teks daarvan afgewyk het.

19 CO 6,10; OS II,75; CStA 2,16: “Quis humanae vitae praecipuus est finis?”
“Ut Deum, a quo conditi sunt homines, ipsi noverint.”

20 *Christianae Religionis Institutio* (vgl. OS I,19). In die daaropvolgende uitgawes is die titel verander na *Institutio Christianae Religionis* (OS II, III).

Feitlik die volle som van die heilige onderrig bestaan uit die volgende dele: kennis van God en onself. ²¹

Ofskoon hier dus nou in Calvyn se Kategismus 'n soortgelyke invalshoek is as by sy *Institusie* en daar gemeenskaplike trekke in die opset tussen albei is, is nie net die omvang nie maar ook die pedagogiese inslag uiteraard heeltemal verskillend. Dit hou onder meer verband met verskillende teikengroepe en genres. ²² By die Kategismus word ná die eerste inleidende vrae direk tot die verklaring van die *Apostolicum* (Apostoliese Geloofsbelydenis) as “kern van die kennis” (*cognitionis summa* – vr. 15) oorgegaan.

5. “Dit staan vas ... uit sy Woord”

Om God as hoogste doel van die menslike bestaan te ken ten einde Hom die nodige eer te kan bewys (vr. 2 tot 9), word in vr. 12 ²³ soteriologies gekwalifiseer en in vr. 13 ²⁴ christologies begrond. Juis wanneer die kennis van God christologies begrond word, word ook

21 OS I,37,r. 8f.: “Summa fere sacrae doctrinae duabus his partibus constat: Cognitione Dei ac nostri.” Vir 'n bespreking van die vertaling van *doctrina*, vergelyk D'Assonville (2001:99), ook vir die motivering waarom *sacra doctrina* nie met *heilsleer* vertaal word nie. In die daaropvolgende uitgawes van die *Institusie* is *sacra doctrina* met *sapientia nostra* vervang.

22 Vanaf 1539 is die uitgesproke teikengroep van die *Institusie* meer op die vlak van teologiese studente, terwyl die Kategismus natuurlik in die eerste plek op die onderrig van kinders gerig is. By die *Institusie* (1559) word aanvanklik klem gelê op die kennis van God en die mens, terwyl daar egter nader in die kwessie van “divinitatis sensum” (*Inst.* 1,3,1; OS III,37,17) en “semen religionis” (*Inst.* 1,4,1; OS III,40,31f.) ingegaan word.

Hier word nie verder op ooreenkomste en verskille tussen die opset van die 1542/1545-Kategismus en die verskillende *Institusie*-uitgawes ingegaan nie. Die volgende is wel interessant:

Die 1536-*Institusie* begin in hoofstuk een met die verklaring van die wet (Tien Gebooie). In hoofstuk twee word die Geloofsbelydenis verklaar. By die Kategismus is dit omgekeerd: eers kom die Geloofsbelydenis aan die orde (vr. [1] 15-131), dan die wet/Tien Gebooie (vr. 132-232).

23 Vergelyk CO 6,19; OS II,76; CStA 2,19:

Quid ergo praeterea opus est?

Nempe ut cum animo suo quisque nostrum statuatur, ab ipso se diligere, eumque sibi et patrem esse velle, et salutis autorem.

Wat is daarbenewens nog nodig?

Dit naamlik dat elkeen van ons daarvan oortuig moet wees dat Hy hom liefhet en dat Hy vir hom 'n Vader en gewer van sy saligheid wil wees.

24 CO 6,19; OS II,76; CStA 2,19.

'n gesagsaanspraak met verwysing na die oorsprong van die geloofskennis bevestig (*constare*, vr. 13):

[Vr. 13]

B: Waaruit sal dit vir ons vasstaan?

K: Natuurlik uit sy Woord waar Hy aan ons sy barmhartigheid in Christus verklaar en van sy liefde teenoor ons getuig.²⁵

Die beroep hier op die Woord as oorsprong vir die gesag is veel-seggend. Enersyds word met die begrip *Woord (verbum)* implisiet na die Skrif verwys, andersyds word dit direk met die openbaring in Christus verbind. As kwalifikasie van die genade van God die Vader (vr. 12) word die openbaring in Christus, by name sy barmhartigheid in Christus teenoor ons en sy liefde jeens ons (vr. 13) nader bepaal. Boonop word twee werkwoorde gebruik, *verklaar (exponere)* en *getuig (testari)*, wat albei op die betroubare weergawe van die Christusopenbaring in die Woord (*verbum*) verwys. Calvyn gebruik die begrip *Woord* in hierdie vraag dus dinamies wanneer hy die Christusopenbaring (vgl. Heb. 1:2) op die Skrif betrek as antwoord op die vraag waaruit die versekering²⁶ van God die Vader se liefde en verlossende genade (vr. 12) kom.

Om God in Christus (vr. 14) te ken, vorm die grondslag vir ons geloofsvertroue (*fiducia*):

[Vr. 14]

B: Die basis en grondslag daarvan om ons vertroue in God te stel, is dus om Hom in Christus te ken.

K: Ja volkome.²⁷

25 CO 6,12; OS II,76; CStA 2,18:

Unde autem nobis id constabit?

Ex verbo ipsius scilicet, ubi suam nobis misericordiam in Christo exponit, et de amore erga nos suo testatur.

26 Vergelyk *constare* in vr. 13.

27 CO 6,12; OS II,76; CStA 2,18:

Fiduciae ergo in Deo collocandae fundamentum ac principium est, eum in Christo novisse.

Omnino.

As samevatting van hierdie kennis (*huius cognitionis summa*), wat “vasstaan uit die Woord”, dien dan die *Apostoliese Geloofsbelydenis* (*symbolum Apostolorum*, vr. 15).

6. “... uit die mond van die apostels ... [en] uit hulle skrifte ...”

Die motivering vir die belydenis van geloof (*fidei confessio*) in vr. 15 is merkwaardig. Terwyl Calvin die gesag van die belydenis onderstreep, onder meer met die verwysing na die katolesiteit daarvan (“*communem habent Christiani omnes*”), word die gesag eweneens in sy verklaring van die naam van die belydenis (“*symbolum Apostolorum*” – *Apostoliese Geloofsbelydenis*) verder benadruk. Calvin verbind in hierdie verklaring van die naam twee aspekte met mekaar wat tegelykertyd vir sowel sy geloofs- en belydenisbegrip asook vir sy Skrifbeskouing van besondere betekenis is:

[Vr. 15]

B: Nou wil ek graag in 'n paar woorde van jou hoor wat die kern van hierdie kennis is.

K: Dit word vervat in die geloofsbelydenis of eerder in die belydenisformulier wat alle Christene gemeenskaplik het. Oor die algemeen staan dit as die Apostoliese Geloofsbelydenis bekend omdat dit van die begin van die kerk af altyd onder al die godsvrugtiges aanvaar is, en omdat dit óf uit die mond van die apostels oorgeneem óf betroubaar uit hulle skrifte saamgestel is.²⁸

Die twee aspekte in die verklaring van die naam “Apostoliese Geloofsbelydenis” wat hulle in dieselfde register bevind, is aan die een kant die mondelinge verkondiging van die apostels en aan die ander kant hulle geskrifte. Vir die samestelling van die Apostoliese Geloofsbelydenis word albei op gelyke basis as oorsprong of bron daarvan gestel. Die argumentasie verloop op verskillende vlakke. Op die eerste vlak gaan dit oor die naam “Apostoliese Geloofsbely-

28 CO 6,12; OS II,76; CStA 2,18:

Nunc, quatenus sit huius cognitionis summa, paucis audire abs te velim.

In fidei confessione, vel potius in formula confessionis, quam inter se communem habent Christiani omnes, continetur. Eam vulgo symbolum Apostolorum vocant, quod ab initio Ecclesiae recepta semper fuerit inter omnes pios: et quod vel ab ore Apostolorum excepta fuerit, vel ex eorum scriptis fideliter collecta.

denis” en die gebruik daarvan deur die eeue. Op ’n tweede vlak egter, wat hier deur Calvyn veronderstel word, gaan dit oor die gesag van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Op hierdie vlak is dit die mondelinge verkondiging en die skriftelike neerslag daarvan deur die apostels wat na vore bring dat die geloofsbelydenis en by name die Apostoliese Geloofsbelydenis nie bloot ’n (willekeurige) menslike oorsprong het nie, maar dat dit inderdaad uit die mond en die pen van die apostels in hulle amptelike hoedanigheid stam. Die vermelding van die apostoliese “skrifte” (vr. 15) as duidelike verwysing na die Nuwe Testament is binne hulle samehang met die “Woord” (vr. 13) onteenseglik ’n verwysing na die oorsprong daarvan.²⁹

Uiteraard sou Calvyn bewus gewees het van die middeleeuse legende (sedert die einde van die Vroeë Kerk) oor die twaalf apostels en hulle klaarblyklike rol in die ontstaan van die Apostoliese Geloofsbelydenis.³⁰ Volgens hierdie legende sou elkeen van die twaalf apostels ’n bydrae tot die geloofsbelydenis lewer voordat hulle vir hulle sending- en verkondigingswerksaamhede mekaar sou verlaat. Dat die historiese basis vir hierdie legende ontbreek, is duidelik en sou ook vir Calvyn duidelik gewees het (vgl. *Inst.* 2.26.8). Dat die Apostoliese Geloofsbelydenis aan die ander kant as geloofsbelydenis nie daarom minder gesag het nie, bring Calvyn in sy verwysing daarna en met sy formulering in vr. 15 van die Geneefse Kategismus uitdruklik na vore. Die beroep op die “Skrifte van die apostels”, ’n uitdrukking wat algemeen as aanduiding vir die Nuwe Testament gebruik is, is in hierdie opsig in ooreenstemming met Calvyn se algemene omgang met die Skrif en met sy gebruiklike wyse van Skrifberoep.

Die eintlike verrassende faset wat egter in vr. 15 van die Geneefse Kategismus na vore tree, is die aandag wat addisioneel aan die mondelinge verkondiging van die apostels verleen word. Deurdat daar by wyse van spreke in dieselfde asem gepraat word van oorname “uit die mond van die apostels” en betroubare samestelling

29 Vir hierdie aspek van die nadruk op die oorsprong van die Skrif as Woord van God, vergelyk D’Assonville (1998:186-187).

30 Busch, 2003:38:

Tatsächlich findet sich in der Alten Kirche die Legende, dass jeder der 12 Apostel einen Teil dazu (zum Apostolicum – VEd'A) beigesteuert habe, und man hat den Text darum in 12 Abschnitte gegliedert. Das ist natürlich Legende ...

“uit hulle skrifte”³¹ word met die eerste oogopslag die indruk geskep van iets van ’n neiging na die Roomse standpunt oor die outoriteit van (mondelinge) “tradisie” naas die Skrif. Juis gedurende dieselfde tyd waarin die Latynse weergawe van die Geneefse Kategismus sy beslag gevind het, is die leer van gelyke gesag- en openbaringswaarde van die kanon en die tradisie deur die Konsilie van Trente (1545-1563) gehandhaaf. Roomse teoloë soos Johannes Driedo (1480-1535) van Leuven en Johannes Gropper (1503-1559) van Keulen het in hulle belangrike dogmatiese werke na die gesag van die aanvaarde dogmas verwys, waaronder byvoorbeeld die Apostoliese Geloofsbelydenis, wat volgens hulle sowel op die Skrif as op die mondelinge tradisie berus.³²

Teen die agtergrond van die Roomse openbaringsbeskouing, waarin mondelinge oorlewering en kerklike tradisie naas die Skrif as ewe gesaghebbend beskou word, kom die vraag na vore wat met hierdie verwysing binne dieselfde register na oorname “uit die mond van die apostels” en betroubare samestelling “uit hulle skrifte” bedoel word. Lig daarop word gewerp wanneer ’n mens na die verskil tussen die Kategismus se Franse teks van 1542 en die Latynse teks van 1545 kyk:

[Franse teks, 1542, vr. 15]

B: Maar wat is samevattend die kern van hierdie kennis?

K: Dit word vervat in die belydenis van Geloof wat alle Christene [bely], wat algemeen die Apostoliese Simbool [Geloofsbelydenis] genoem word; want dit is ’n samevatting van die ware geloof wat altyd in die Christendom gehandhaaf is en wat ook vanuit die suiwer apostoliese onderrig [doctrine] opgestel is.³³

31 CO 6,12; OS II,76; CStA 2,18.

32 Filser (2001:122-127) gaan breedvoerig daarop in hoe onder meer Driedo en Gropper die samehangende verband van albei aspekte verdedig, naamlik die Skrif en die mondelinge apostoliese oorlewering. Met verwysing na Gropper se *Worms-Regensburger Buch* van 1541 kom Filser (2001:125) tot die gevolgtrekking:

Das übereinstimmende Zeugnis der Väter zeigt nach Darlegung dieser Schrift, daß in der Kirche neben der schriftlichen auch eine mündliche Tradition bestand und besteht. So wird in dieser Schrift der Nachweis geführt, daß die Väter konform lehren, daß es neben der Schrift eine mündliche Tradition gibt, die gerade in den von den Aposteln gegründeten Kirchen greifbar ist, die es in Streitfragen und bei Lehرداریenzen anzuwenden gilt.

33 CO 6,11:

[Latynse teks, 1545, vr. 15]

B: Nou wil ek graag in 'n paar woorde van jou hoor wat die kern van hierdie kennis is.

K: Dit word vervat in die geloofsbelydenis of eerder in die belydenisformulier wat alle Christene gemeenskaplik het. Oor die algemeen staan dit as die Apostoliese Simbool [Geloofsbelydenis] bekend omdat dit van die begin van die kerk af altyd onder al die godsvrugtiges aanvaar is, en omdat dit óf uit die mond van die apostels oorgeneem óf betroubaar uit hulle skrifte saamgestel is.³⁴

Die “samevatting van die ware geloof wat altyd in die Christendom gehandhaaf is” volgens die Franse teks (1542) word inhoudelik grotendeels deur die Latynse teks (1545) gedek, deurdat laasgenoemde die aanvaarding “van die begin van die kerk af altyd onder al die godsvrugtiges” bely. Die opmerklieke verskil kom by die laaste sinsnede. Waar Calvyn in 1542 nog daarmee volstaan het om na die “suiwer apostoliese onderrig” as oorsprong vir die Apostoliese Geloofsbelydenis te verwys, is die uitbreiding hiervan in 1545 opvallend. Nou word na sowel die oorname daarvan “uit die mond van die apostels” asook die betroubare samestelling daarvan “uit” die apostels se “geskifte” verwys. Die Franse teks is heelwat soberder. Saxer (in Calvin, 1997:19) vermeld dat hierdie uitbreiding in 1545 toegevoeg is, “wohl im Blick auf den Bekenntnisstreit mit Caroli ..., der 1545 wieder aufflammte”. Dit was 'n verbete aanslag van die teoloog Pierre Caroli wat die gereformeerde predikante van Genève (w.o. Farel en Calvyn) van dwaalleer beskuldig het, 'n stryd wat sedert 1537 gewoed het en in 1545 in alle felheid weer ontbrand het. Laasgenoemde fase het Calvyn daartoe geroep om in die 1545-weergawe van die Kategismus vr. 15 uit te brei.

Caroli het by verskeie geleenthede tussen die fronte gewissel – eers Rooms, dan Reformatories, dan weer Rooms, dan weer Reformatories, dan weer Rooms, ensovoorts. Die bestek van hierdie artikel

Le minister: Mais quelle est en somme la substance de ceste cognoissance?

L'enfant: Elle est comprinse en la confession de Foy que font tous Chrestiens: laquelle on appelle communement le Symbole des Apostres: pource que c'est un sommaire de la vraye creance qu'on tousiours tenu en la Chrestienté: et aussi qui est tiré de la pure doctrine apostolique.

34 CO 6,12; OS II,76; CStA 2,18.

laat nie toe om verder op hierdie geskiedenis in te gaan nie,³⁵ maar die belangrike aspek wat hier ter sprake is, is dat Caroli Calvyn saam met sy kollegas van antitrinitarisme beskuldig het, wat hulle natuurlik ten sterkste ontken het. In 1537 wou hy hulle forseer om die geloofsbelydenisse van die Vroeë Kerk te onderteken. Hulle het nie, nie omdat hulle inhoudelik daarmee enige probleem sou hê nie, maar ter wille daarvan dat daar dan nie die skyn gewek kon word dat hulle tog in hulle beskouing van die Drie-eenheid rede vir twyfel sou bied nie (vgl. Koopmans, 1983:36-39; Opitz, 1994b:226-229).³⁶ Calvyn het onder meer daarop gewys dat sy teologiese werke, waaronder die *Institusie* van 1536, die bewerings van Caroli heeltemal voldoende ontbloot. Van protestantse kant was die saak in 1537 afgesluit (vgl. Neuser, 2009:290-292). Caroli sou egter, nadat hy tussendeur weer oënskynlik “gereformeerd” was (in Straatsburg tydens Calvyn se tyd aldaar) om net daarna weer Rooms te word, weer in 1545 ’n aanval op Calvyn loods met dieselfde beskuldiging oor beweerde miskenning van die Vroeë Kerk se belydenis oor die Drie-eenheid by Calvyn. Daarop het Calvyn in 1545 die geskrif “Ad-versus P. Caroli calumnias” gepubliseer,³⁷ waarin hy die verloop van die stryd opgeteken en opnuut Caroli se aantygings weerlê het. Die uitbreiding van vr. 15 in die Geneefse Kategismus ten opsigte van die gesag van die Apostoliese Geloofsbelydenis moet dus teen die agtergrond van hierdie geskiedenis en van Caroli se bewering, dat Calvyn nie die geloofsbelydenisse van die Vroeë Kerk as gesaghebbend beskou nie, gesien word. Binne hierdie historiese raam moet die kwalifikasie van die Geloofsbelydenis as “[komende] uit die mond van die apostels” en betroubaar saamgestel “uit” die apostels se “geskrifte”, verstaan word, spesifiek ten opsigte van die oorsprong van die Geloofsbelydenis. In hierdie vraag van die Kategismus, vr. 15, wat oënskynlik net inleidend tot die verklaring van die Apostoliese Geloofsbelydenis gestel word, is daar dus implisiet heelwat meer teologie onderliggend, juis met betrekking tot die gesagsvraag, as wat by die eerste lees daarvan blyk.

Minstens vier belangrike apologeties-teologiese lyne word deur Calvyn met hierdie formulering in vr. 15 getrek, waarmee die aantygings van Caroli tegelykertyd inherent en direk weerlê word, sonder om

35 Vir ’n oorsigtelike uiteensetting van die gebeure en belangrike literatuur daaroor, vergelyk Opitz (1994b).

36 Koopmans (1983:37) praat daarvan dat “een schijn van schulderkenning zou worden gewekt, waar geen schuld aanwezig is”.

37 “Teen die verdraaiings/lasterlikhede van P. Caroli” (vgl. CStA 1,1,230-261).

Caroli by name te noem: Eerstens berus die inhoud van die Apostoliese Geloofsbelydenis direk op die Skrif³⁸ en is dit terselfdertyd ooreenkomstig die mondelinge verkondiging van die apostels, wat dus steeds die Skrif se primaat in die gesagsvraag onderstreep; tweedens staan die gesag van die Apostoliese Geloofsbelydenis volgens Calvin, spesifiek ten opsigte van die oorsprong daarvan, bo alle verdenking; in die derde plek vereenselwig Calvin hom ten volle met die geloofswaarheid soos wat dit in hierdie “symbolum Apostolorum” bely word en laastens word die beroep van die reformatore op die Vroeë Kerk in hulle weerlegging van Rome³⁹ nogmaals uitgelig.

7. “Die Skrif leer ...”

Opvallend van Calvin se omgang met die kategetiese materiaal is die personifikasie waarmee in verskillende variasies van formulering in die Kategismus na die Skrif as gesaghebbend verwys word, byvoorbeeld met die uitdrukking “die Skrif leer” (vgl. vr. 112).⁴⁰ Wanneer die gronde vir die Christustitel in terme van die drie ampte van Christus verklaar word (vr. 34), sê Calvin in vr. 35, uitdruklik met verwysing na die Skrif:

[Vr. 34]

B: Wat is verder die betekenis van die naam Christus?

K: Met hierdie benaming word selfs nog beter uitdrukking gegee aan sy amp. Want dit dui aan dat Hy deur die Vader gesalf is tot Koning, Priester en Profeet.⁴¹

38 Die formulering van Calvin in sy 1539-*Institusie* (ook oorgeneem in die latere uitgawes tot en met die finale Latynse *Institusie*-uitgawe van 1559), eweneens oor die gesag en oorsprong van die Apostoliese Geloofsbelydenis, ondersteun sowel die 1542- asook die 1545-formulerings in die kategismus:

Ons moet in die geloofsbelydenis [= Apostolikum – VEd'A] ... daarop let dat die som van ons geloof volledig en in alle opsigte vir ons volmaak daar voorkom waarin niks anders ingevoer mag word as net dit wat uit die volkome suiwere Woord van God geput is nie. (*Inst.* 2.16.8.)

39 Vergelyk D'Assonville (2001:76-79).

40 “Docet Scriptura ...” (CO 6,46; OS II,92,15; CStA 2,50).

41 CStA 2,24,30-32:

Quid deinde valet nomen Christi?

Hoc epitheto melius etiamnum exprimitur eius officium. Significat enim unctum esse a patre in regem, sacerdotem ac prophetam.

[Vr. 35]

B: Hoe weet jy dit?

K: Omdat die *Skrif* salwing onder hierdie drie eienskappe *tuisbring*. Verder skryf *dit* [die Skrif – VEd'A] dikwels hierdie drie waarvan ons melding gemaak het, aan Christus toe.⁴²
[Kursivering – VEd'A.]

By wyse van personifikasie word die Skrif hier as outoriteit aangevoer, met die implikasie van goddelike gesag. Dit bied 'n besondere perspektief op Calvyn se Skrifbeskouing, deurdat die Skrif in die rol van die handelende onderwerp op dieselfde vlak figureer as die “engel” wat “op bevel van God self” die naam Jesus “aan die Seun van God gegee” het⁴³ – pas vantevore in vr. 32,⁴⁴ met verwysing na Matteus 1:21.

Nog 'n voorbeeld van personifikasie as beeldspraak word by die verklaring van die ware geloof (*vera fides*) in vr. 111 as “vaste en onwrikbare kennis van die vaderlike goedheid van God jeens ons” gevind. Daarop volg die vraag oor die oorsprong van die kennis:

[Vr. 112]⁴⁵

B: Verkry ons dit [die kennis – VEd'A] uit onself of ontvang ons dit van God?

42 CStA 2,26,1-3:

Quid scis istud?

Quoniam ad hos tres usus scriptura unctionem accommodat. Deinde haec tria, quae diximus, saepe Christo tribuit.

43 “... Porro filio Dei hanc appellationem indidit angelus, ipsius Dei iussu” (CStA 2,24,25-26).

44 Vr. 32:

Wat bedoel jy met die benaming waarvolgens jy Hom Jesus noem?

Daarmee bedoel ek dit wat die woord Verlosser [Soteris] vir die Grieke beteken het; Latyn het nie 'n besondere woord waarmee die betekenis goed uitgedruk kan word nie. Die woord Verlosser [Salvator] is dus algemeen aanvaar. *Verder het 'n engel op bevel van God self hierdie naam aan die Seun van God gegee.* (Kursivering – VEd'A.)

45 In die Afrikaanse vertaling van Simpson (Calvin, 1981:23) is hierdie vraag nr. 113 en nie vr. 112 nie. Dit hou verband met die grondteks wat Simpson gebruik het, naamlik die teks wat Beza in 1575 deur Santandreas laat uitgee het (Simpson, 1981:[iii]) – kyk ook hierbo onder punt 3. Vergelyk hieroor CStA 2,30,6-9 [31,6-9] met die toepaslike voetnoot, nr. 14 op CStA 2,31.

K: Die Skrif *leer* dat dit 'n buitengewone gawe van God is en ons ervaring bevestig dit. ⁴⁶ [Kursivering – VEd'A.]

Op soortgelyke wyse word ook *veritas* (*waarheid*) in vr. 299 in die vorm van persoonifikasie gebruik, waar die gesagsaanspraak met verwysing na vroeë 8 tot 14⁴⁷ daarop berus dat dit wat “aan die begin uiteengesit” is (vr. 299) “ex verbo ipsius” (“uit sy eie Woord” – vr. 13) afkomstig is (vgl. punt 5 hierbo):

[Vr. 299]⁴⁸

B: Watter gevolgtrekking kan ons uit ons behandeling tot dusver maak?

K: Dit naamlik dat die waarheid self ons leer soos ek *aan die begin* [vr. 8 tot 14 – VEd'A] *uiteengesit* het ...⁴⁹ [Kursivering – VEd'A.]

Calvin se kruisverwysing in vr. 299, “soos ek aan die begin uiteengesit het”, is belangrik. “Waarheid” in die beeldspraak soos hier gebruik, word deur hierdie verwysing na die uiteensetting in vr. 8 tot 14 (wat op die Apostoliese Geloofsbelydenis uitloop – vr. 15 en 16), op die hele “Woord” (vr. 13) betrek, dus op die hele Skrif. Dit is opvallend dat Calvin hier, net soos by vr. 13, die relatief sterk uitdrukking (*scilicet*) gebruik om daarmee aan te dui dat dit (die gesag waarop 'n beroep gemaak word) vanselfsprekend is, dat daar nie twyfel daaroor bestaan nie.

'n Besondere geval van persoonifikasie word in vr. 282 gevind, waar die verwysing na die Skrif wat “getuig” (*testetur* – vr. 281) binne die direkte verband met die “woorde van Christus wat klink” (*Christi verba sonant* – vr. 282) op gelyke vlak gebruik word. Dít wat Christus sê en vir sy “hele kerk bedoel/bestem het” (“universae ecclesiae destinavit” – vr. 281), word op gelyke gesaghebbende vlak geag met

46 CStA 2,50,1-2:

Eamne concipimus a nobis, an a Deo recipimus?

Docet scriptura, singulare esse Dei donum: et experientia id confirmat.

47 Vergelyk voetnoot 72, CStA 2,109.

48 In die Afrikaanse vertaling van Simpson (Calvin, 1981:23) is hierdie vraag nr. 300 en nie vr. 299 nie. (Vgl. verwysing bo by vraag 112.)

49 CStA 2,108,24-31:

Quid tandem ex iis, quae hactenus tractata sunt a nobis, colligemus?

Quod scilicet veritas ipsa docet, et ego initio proposui: [...]

dít wat “die Skrif getuig” (vr. 281) of wat “Christus se woorde” sê (vr. 282). Geen ruimte vir twyfel word hier gelaat nie. Dit wat die Skrif sê of getuig, word wat die gesag daarvan betref nie van dít wat Christus sê of getuig, geskei nie.⁵⁰ Op soortgelyke wyse is dít wat deur die Here self “bondig in enkele woorde” (*paucis verbis*) saamgevat word (vr. 232)⁵¹ net so gesaghebbend as dít wat “orals in die Skrif” (*passim in scriptura* – vgl. vr. 232) gesê word; met ander woorde dit wat die “profete en apostels” oral as vermanings en voorskrifte bied (vr. 231).⁵²

’n Ander voorbeeld van personifikasie waarmee bostaande gevolgtrekkings verder gestaaf word, is in vr. 266:

-
- 50 Hierdie gevolgtrekking word deur vr. 367 bevestig, waar ten opsigte van gesag nie tussen Christus se direkte woorde (*ipsissima verba*) en dié van die skrywers van die evangelies onderskei word nie – albei val onder die getuienis van die Skrif (*scripturae testimonium*) en is as sodanig ewe geldig of gesaghebbend as bewysvoering:

Vr. 367:

Kan jy dit met getuienis uit die Skrif vir my bewys?

Christus het in besonder die opdrag om te doop aan sy apostels gegee. In die viering van die eetmaal gebied Hy ons om sy voorbeeld te volg. Ook die skrywers van die evangelies wys daarop dat Hy in die verdeling by die eetmaal die taak van ’n openbare dienaar verrig het. (CStA 2,132,20-24.)

- 51 Met verwysing na die Wet, aan die einde van die uiteensetting van die Tien Gebooie in die tweede deel van die Kategismus.
- 52 Vergelyk vr. 176 [177], waar ’n beroep daarop gedoen word dat iets “in die Skrif” staan, met die implikasie van ’n gesaghebbende aanspraak.

Maar waarom word die sewende dag eerder as enige ander dag daarvoor voorgeskrywe?

Dit word in die Skrif as volmaakte getal beskrywe. Gevolglik is dit geskik om die voortdurendheid aan te dui. Terselfdertyd dui dit aan dat hierdie geestelike rus slegs in hierdie lewe begin en dat dit nie volbring sal wees voordat ons die wêreld verlaat nie.

Cur tamen septimus potius dies praescribitur, quam alius quilibet?

Numerus hic perfectionem in scriptura designat. Itaque ad notandam perpetuitatem aptus est. Simul indicat, spiritualem hanc quietem inchoari duntaxat in hac vita, nec ante perfectam fore, donec e mundo migremus. (CStA 2,68,4-7.)

Die begrip *in scriptura* dien as gesaghebbende uitspraak vir die antwoord in vr. 176. Dit is opvallend dat hier op dieselfde wyse ’n beroep gedoen word op die “Skrif”, as wat daar in vr. 13 ’n beroep op die Woord gedoen word. Woord sowel as Skrif, word op soortgelyke wyse in terme van gesag gebruik.

[Vr. 266]

B: Gee kortliks die inhoud van die eerste bede weer.

K: Onder die Naam van God *verstaan die Skrif* die kennis en aansien waarmee Hy onder mense verheerlik word. Ons bid dat sy heerlijkheid oral en onder alle mense bevorder mag word.⁵³
[Kursivering – VEd'A.]

In hierdie geval, soos elders waar *Skrif* in die vorm van persoonlikasie gebruik word, is dit 'n bevestiging van Calvin se siening van Skrifgesag, met die implikasie dat die Skrif as Woord van God (vgl. vr. 13) geag word.

8. “Dit wat geskryf is ...”, wat “God belowe”

Calvin se dinamiese aard van omgang met die Skrif gee geen blyke van 'n statiese, rigiede skolastiese Skrifbeskouing nie. Opvallend is die feit dat Calvin nêrens in enige van sy geskrifte die begrip *Bybel* gebruik nie.⁵⁴ Dit sou ook nie in sy Skrifbeskouing inpas nie, want die begrip of naam *Bybel*, hoe duidelik dit ook histories verklaar kan word, bly abstrak, in teenstelling met byvoorbeeld die terme *Skrif* of *Woord*. In Calvin se Skrifleer bly hy dus, soos kenmerkend in sy teologie, sover moontlik by begrippe uit die Skrif self. Hy hanteer in sy verwysing na die Skrif dus by voorkeur begrippe soos *Skrif*, *Skrifte*, *die profete en die apostels*, ensovoorts. Hierby sluit vr. 124 aan. Vir Calvin is *quod scriptum (dit wat geskryf is)*, met ander woorde die Skrif, voldoende gesaghebbende begroning vir teologiese en belydenisuitsprake:

[Vr. 124]⁵⁵

B: Maar lei ons daaruit af dat 'n Christen deur sy werke geregverdig word nadat hy deur God geroep is of dat hy deur die verdienste van sy werke dit bereik om deur God bemin te word, aangesien sy liefde vir ons die ewige lewe beteken?

53 CStA 2,96,28-30:

Recita mihi primi postulati summam.

Per nomen Dei scriptura notitiam famamque intelligit, qua inter homines celebratur. Optamus ergo, ut eius gloria ubique et in omnibus provehatur.

54 Aanvanklik het wyle prof. Wilhelm Neuser (1926-2010) in 1996 my aandag op hierdie feit gevestig. My eie leeswerk sedertdien het dit bevestig.

55 Vr. 125 by Calvin (1981:25).

K: Hoegenaamd nie. Ons moet eerder hou by *dit wat geskrywe is*, naamlik dat geen sterflike mens voor die aangesig van God geregverdig kan word nie. Daarom moet ons daarvoor bid dat Hy nie met ons in die gerig tree nie. ⁵⁶ (Kursivering – VEd'A.)

“Dit wat geskryf is” word in die daaropvolgende vraag gevolg deur die formulering “God belowe” (“Deus ... pollicetur” – vr. 125; CStA 2,54,15-16) en albei figureer semanties op dieselfde vlak. ⁵⁷

’n Soortgelyke geval as die *quod scriptum*-uitspraak in vr. 124 kom heelwat later in die Kategismus voor. Waar Calvyn, vanaf vr. 296, die inleiding tot by die sakramente binne die groter geheel *de Verbo Dei* (oor die Woord van God) behandel, ⁵⁸ vind ons die betekenisvolle uitspraak:

[Vr. 297]

B: Is daar dan geen reël vir hierdie doel voorgeskryf nie? ⁵⁹

K: Alles wat oor sy lof in die Skrifte staan [*exstat* = uitstaan], moet vir ons as rigsgoer [*regula* = reël] daarvoor dien. ⁶⁰

56 CStA 2,50,1-2:

Eamne concipimus a nobis, an a Deo recipimus?

Docet scriptura, singulare esse Dei donum: et experientia id confirmat.

57 In die Kategismus word daar verskillende verwysings na die beloftes van God en hulle vervulling gevind (vgl. vr. 39, 49, 113, 193, 312, 319, 320). Alhoewel dit openbaringshistories belangrik is vir die tema *Skrifbeskouing*, veral in terme van die verhouding tussen albei Testamente, oorskry dit die bestek van hierdie artikel.

58 Vergelyk hierbo, punt 3: Die oorspronklike opskrif van die vierde deel, “Oor die sakramente” (*De sacramentis*) is later deur Beza met die opskrif “Oor die Woord van God” (*De verbo Dei*) vervang, terwyl “Oor die sakramente” as opskrif – ooreenkomstig opmerkings van Calvyn in die Franse uitgawe – later in dieselfde deel, vóór vraag 309, ingevoeg is (CStA 2,109, voetnoot 70; 113; vgl. ook CO 6,108, voetnoot 2).

59 Calvyn verwys hier natuurlik na die direk voorafgaande vraag, vr. 296:

B: Die ordelike wyse waarmee ons begin het, vereis nou van ons dat ons die vierde deel van ons diens aan God behandel.

K: Ons het verklaar dat dit daarin geleë is dat ons God as die Skepper van alle goeie dinge moet erken en met lof- en dankbetoon sy goedertierenheid, geregtigheid, wysheid en mag moet gehoorsaam sodat die heerlikheid van al sy seëninge ten volle by Hom alleen mag bly.

60 Nullamne huius partis regulam praescripsit?

Quidquid laudum eius exstat in scripturis, pro regula nobis esse debet.

“In die Skrifte staan” (vr. 297) en “dit wat geskryf is” (vr. 124) is nie net sinonieme in terme van die semantiese veld wat deur albei uitdrukkings gedek word nie. Albei is ook dinamiese uitdrukkings wat na die Skrif verwys sonder om dit op ’n statiese, abstrakte manier te doen. Sowel die ontstaan van die Skrif as die bestudering of lees daarvan word in albei gevalle veronderstel. By ander geleenthede in Calvin se skrifte word dit duidelik hoe belangrik hierdie perspektief is, want dit staan binne die verband van die rol van die Heilige Gees en die verhouding tussen Woord en Gees, aan die een kant ten opsigte van die oorsprong van die Skrif, en aan die ander kant met die lees daarvan.⁶¹

Die *moet* (*debere*) in vr. 297 is ’n opvallende sterk woordkeuse. Dit is nie ’n geval van “alles *kan* vir ons as reël (rigsnoer) dien” nie, maar alles “*moet*” as reël dien.

Nie lank vantevore nie, in vr. 230 (aan die einde van die afdeling oor die wet), word die begrip *regula* – ook binne die samehang met *praescribere* – op ’n wyse gebruik wat die absolute aanspraak van gehoorsaamheid en gesag tot uitdrukking bring:

[Vr. 230]

B: Maar het ons dan nie in die wet ’n volmaakte reël [*regula*] vir alle geregtigheid nie?

K: Ja en wel in die sin dat God niks anders van ons wil eis, as om dit te gehoorsaam nie; maar aan die ander kant beskou Hy alles wat ons buite sy gebod [*praescriptum* = dit wat voorgeskrewe is] onderneem, as tevergeefs en Hy verwerp dit want Hy neem geen ander offer as net gehoorsaamheid aan nie.⁶²

Daarby moet ’n mens in gedagte hou dat die begrip *regula* in die reformatoriese tyd bykans op kanoniese vlak figureer. Nie net hou dit verband met die *regula fidei* van die Vroeë Kerk nie, maar tydens die Reformasie en daarna is dit in die vaste uitdrukking *regula fidei et caritatis* in ’n omvattende sin gebruik (Muller, 1985:261). Belangrik is die verbindende (obligatoriese) aard van die *regula*, wat deur

61 Vergelyk die behandeling van vr. 303 in punt 11 hieronder.

62 An non perfectam in lege omnis iustitiae regulam habemus?

Et quidem adeo, ut nihil velit aliud Deus a nobis, nisi ut eam sequamur: rursum vero, irritum habeat ac repudiet, quidquid praeter eius praescriptum suscipimus. Neque enim aliud sacrificium acceptum habet, quam obedientiam.

die *praescribere* in vr. 297 self beklemtoon word (so ook in vr. 230), asook die omvattende aanspraak deur die *quidquid*, wat deur Simpson in sy vertaling van vr. 297 tereg met “alles wat” weergegee word (vgl. vr. 298; Calvin, 1981:54). *Skrifte* in hierdie verband is ’n verwysing na al die boeke van die Bybel; dit is dus ’n sinoniem vir *Skrif*. In die volgende vrae ná vr. 297, wat almal inleidend tot die laaste deel van die Kategismus is, kom verdere belangrike fasette van Calvyn se Skrifbeskouing na vore, veral wanneer die direkte konteks van hierdie vierde deel van die Kategismus, die deel “oor die Woord” in ag geneem word.

9. “Hy het sy heilige Woord vir ons nagelaat”⁶³

Ná die belydenis oor die *regula* in die Skrifte (vr. 297) volg die personifikasie van die *waarheid* in vr. 299 (vgl. 7 hierbo). Die verdere direkte verband werp egter nog meer lig op Calvyn se Skrifbeskouing, spesifiek in terme van die verhouding Skrif en Woord, want in daaropvolgende vrae, direk ná ’n tussentydse samevatting van die belangrikste kern van die Kategismus,⁶⁴ word die volgende bely:

[Vr. 300]

B: Op watter wyse verkry ’n mens só ’n groot skat [*tantum bonum* = so ’n groot seën/so iets wonderliks]?

K: Vir hierdie doel het Hy sy heilige Woord vir ons nagelaat, want dit is die geestelike onderwysing waardeur ons soos deur ’n deur tot sy hemelse koninkryk toetree.⁶⁵

63 Vr. 300 (CStA 2,110,2): “... sacrum suum verbum ...”

64 B: Watter gevolgtrekking kan ons uit ons behandeling tot dusver maak?

K: Dit naamlik dat die waarheid self ons leer soos ek aan die begin [vr. 8 tot 14 – VEd'A] uiteengesit het, dat dit die ewige lewe is om die enige waaragtige God as Vader te ken en Jesus Christus vir wie Hy gestuur het. Om Hom te ken, herhaal ek, met die oog daarop dat ons aan Hom die eerbied en aanbidding wat aan Hom verskuldig is, mag betoon sodat Hy nie alleen ons Here is nie, maar ook ons Vader en Verlosser; sodat ons op ons beurt sy kinders en diensknegte mag wees en daarom ons lewe daaraan moet wy om sy heerlikheid te verkondig.

65 Qua via ad tantum bonum pervenitur?

In hunc finem, sacrum suum verbum nobis reliquit. Est enim spiritualis doctrina, quaedam veluti ianua, qua ingredimur in coeleste eius regnum. (CStA 2,110,1-3.)

[Vr. 301]

B: Waar moet ons hierdie Woord soek?

K: In die Heilige Skrifte, waarmee dit saamgevat (vervat) word. ⁶⁶

'n Meer bondige formulering van Calvyn se Skrifleer kan 'n mens nouliks vind as dit wat in hierdie twee vrae tot uitdrukking kom. Die verband tussen die “Skrifte” (vr. 297) en “Heilige Skrifte” (vr. 301) aan die een kant en “sy heilige Woord” (vr. 300) en “hierdie Woord” (vr. 301) lê voor die hand. Calvyn beklemtoon in hierdie vrae dat God self sy Woord as 'n “geestelike onderwysing” vir ons nagelaat het – met die duidelike implikasie dat daarmee niks anders as die Skrif veronderstel kan word nie asook die nadruk op die inisiatief wat van God uitgaan. Daarbenewens maak hy die aanspraak dat alles in die Skrif vir ons as maatstaf (*regula*) geld, terwyl hy boonop uitdruklik benadruk dat dit die Skrif(-te) is wat die Woord vervat/waarin die Woord saamgevat is.

'n Groter teenstelling kan daar nie wees nie as tussen hierdie belydenistaal deur Calvyn in 1545 en die taal van Semler in 1771, twee-en-'n-kwart eeue later, wat die belydenis dat die Skrif die Woord is, weerspreek (vgl. Semler, 1967:60 e.v.). Terwyl die direkte verband tussen Skrif en Woord duidelik uit vrae 300 en 301 blyk, volstaan Calvyn nie hiermee nie. Dit gaan immers nie oor die Skrif as Woord slegs as sodanig of op sigself nie; die (verkondiging van die) Woord is genademiddel (saam met die sakramente – vgl. vr. 309). ⁶⁷ Dit is

66 Ubinam quaerendum nobis est hoc verbum?

In scriptura sanctis, quibus continetur. (CStA 2,110,5-6.)

67 In vr. 309 word met verwysing na vrae 307 en 308 op die verkondiging van die Woord as genademiddel ingegaan. Die prediking (verkondiging) van die Woord (vr. 309: *Verbi praedicatio*) is die onderwysing van Christus (vr. 307: *Christi doctrina*) deur die herders vir die gemeentes (*ecclesiis pastores*) waarna ons moet luister (vr. 307). Christus het aan die dienaars van sy kerk (vr. 308: *ecclesiae ministri*), die herders (*pastores*) die taak/amp (*munus*) om ons in sy plek en in sy Naam te onderrig (*docere*) oorgedra (vr. 307, 308; CStA. 2,112,8-17).

Vr. 309, (CStA 2,112,20-22) lui soos volg:

Calvyn (1981:56 [vr. 310]):

Is daar dan nie 'n ander middel [medium], soos hulle sê, waarmee God met ons gemeenskap het nie?

Aan die verkondiging van die Woord het Hy ook die sakramente verbind.

dus teologies konsekwent van Calvyn om direk ná hierdie sleutel-uitdrukkings ten opsigte van Skrifbeskouing op die vrug en die doel van “sy heilige Woord” (vr. 300) wat God aan ons nagelaat het, te wys. Hy beklemtoon hierdeur as ’t ware die soteriologiese gerigtheid van die Skrifleer; ook hier is dit die reformatoriese [*pro*] *nobis*⁶⁸ uit genade, persoonlik op ons en ons heil gerig:

[Vr. 302]

B: Hoe moet jy dit [die Skrif, vgl. vr. 301 – VEd'A] gebruik om vrug daarvan te pluk?

K: As ons met onwrikbare oortuiging daaraan vashou dat die gewisse waarheid daarvan [van die Skrif – VEd'A] slegs uit die hemel kom; as ons na wil en verstand in gehoorsaamheid ons daaraan onderwerp; as ons dit van harte liefhet; as dit op ons harte afgeteken is en daarin vaste wortels het sodat dit [die Woord – VEd'A] vrug mag dra tot die lewe; kortom, as ons onself na die maatstaf daarvan [van die Skrif – VEd'A]

Non est aliud a verbo medium, ut loquuntur, quo se nobiscum Deus communicet?

Verbi praedicationi adiunxit sacramenta.

Ook in vrae 179 en 183 (behandeling van die vierde gebod) word op die verkondiging van die Woord as genademiddel ingegaan:

Vr. 179 [180] (CStA 2,68,20-22; Calvyn, 1981:33):

Watter orde moet ons dan op die dag nakom?

Dat sy volk byeen moet kom om die onderrig van Christus (*Christi doctrina*) aan te hoor, om die openbare gebed by te woon en belydenis te doen van hulle geloof.

Vr. 183 [184] (CStA 2,70,7-11; Calvyn, 1981:33):

Wat bly dan verder vir ons na aanleiding van die gebod oor?

Dat ons nie ’n heilige instelling wat tot die geestelike orde van die kerk bydra, moet verwaarloos nie, maar in besonder dat ons heilige vergaderings met die oog daarop om die Woord van God (*Dei sermo*) aan te hoor, om sy geheimenisse te vier, en vir heilige gebede, moet bywoon soos dit verorden is.

68 Vergelyk Romeine 8:31b: “Si Deus pro nobis, quis contra nos?” (“As God vir ons is, wie kan teen ons wees?”) Vergelyk verder die Geloofsbelydenis van Nicea (Nicaenum-Constantinopolitanum): Hy (Jesus Christus) is “vir ons gekruisig”.

Die *pro nobis* kom ook “herhaaldeijk” (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:469) in die reformatoriese belydenisskrifte voor (vgl. byvoorbeeld NGB art. 20 en 22; HK Sondag 16 (vr. 40, 42), Sondag 17 (vr. 45); Dordtse Leerreëls 2.2).

formeer, dan sal dit vir ons tot ons saligheid bydra, soos wat dit bestem is om te doen.⁶⁹

Calvyn trek die lyn in sy Kategismus egter nog verder. Ook in vr. 304 word, ofskoon hy dit nie by die naam noem nie, sowel die “Skrif(-te)” as “sy Woord” veronderstel. Dit kan soos volg geïllustreer word deur van parenteses of invoegings gebruik te maak:

[Vr. 304]

B: Moet ons ons dan met alle ywer en inspanning daarop [op die Woord – VEd'A] toelê om daarin [in die Woord – VEd'A] vordering te maak deur dit [die Woord/Skrif – VEd'A] te lees, daarna [na die Woord – VEd'A] te luister en dit [die Woord – VEd'A] te oordink?

K: Ja, omdat elkeen hom persoonlik elke dag daarin moet besig hou deur dit [die Woord/Skrif – VEd'A] te lees, daarna [na die Woord – VEd'A] te luister en dit [die Woord – VEd'A] te oordink.⁷⁰

Die betekenis van die belydenis oor die Skrif as Woord strek via die soteriologie (met inbegrip van die regverdigmaking, die *iustificatio*) tot die heiligmaking (*sanctificatio*),⁷¹ konsekwent met 'n christologies-pneumatologiese onderbou.

69 Ut fructum inde percipias, qualiter eo utendum est?

Si ipsum solida cordis persuasione amplectimur, non secus ac certam veritatem e coelo profectam: si nos illi dociles praebemus: si voluntates mentesque nostras in eius obsequium subiicimus: si amemus ipsum ex animo: si cordibus nostris semel insculptum, fixas illic radices habeat, ut fructum proferat in vita: si denique formemur ad eius regulam: tum nobis in salutem, sicuti destinatum est, cedet. (CStA 2,110,7-13; vr. 302.)

70 Verum, annon, adhibenda est a nobis diligentia, et omni studio enitendum, legendo, audiendo, meditando, ut eo proficiamus?

Imo vero: cum se quisque privatim quotidiana lectione exerceat: tum vero simul omnes praecipue sedulo conciones frequentent, ubi salutis doctrina in coetu fidelium explicatur. (CStA 2,110,17-21.)

71 Vergelyk ook vr. 230 binne sy konteks (vgl. punt 8 hierbo) en die belang daarvan vir die *sanctificatio*:

Maar het ons dan nie in die wet 'n volmaakte reël [*regula*] vir alle geregtigheid nie?

Ja en wel in die sin dat God niks anders van ons wil eis, as om dit te gehoorsaam nie; maar aan die ander kant, beskou Hy alles wat ons buite sy gebod [*praescriptum* = dit wat voorgeskrewe is] onderneem, as tevergeefs en Hy verwerp dit want Hy neem geen ander offer as net gehoorsaamheid aan nie.

10. “Spiritus sui gratia”

In die Skrifleer gaan dit egter nie net oor die verband tussen Skrif en Woord nie. Waar in vr. 302 die vraag hoe ons met die Skrif moet omgaan, behandel word, naamlik ten einde “vrug daarvan te pluk”, gaan Calvyn binne dieselfde samehang direk in die volgende vraag, vr. 303, oor tot die belydenis oor die Heilige Gees in hierdie samehang. Vr. 303 fungeer hier as ’n brug tussen vr. 302⁷² en vr. 304 (waar dit gaan oor die lees en bestudering van sy Woord – kyk bo, punt 9). In hierdie kernsluitstuk tussen vr. 302 en vr. 304 word die wesenlike en noodwendige aspek van die werking van die Heilige Gees met groot nadruk onderstreep:

[Vr. 303]

B: Maar is dit alles⁷³ binne ons vermoë?

K: Geeneen [absoluut niks] van die dinge wat ek opgenoem het, is binne ons vermoë nie, maar volkome binne dié van die enige God wat deur die genade van sy Gees dit in ons werk.⁷⁴

Die kontras wat in die formulering van vr. 302 deur middel van die absolute uitdrukkings (*nihil ... prorsus, totum*) benadruk word, is veelseggend: *Geeneen* van die dinge is binne die vermoë van die gelowige nie; dit berus *alles* of *volkome* alleen by God. Net Hy bewerk dit deur die genade van sy Gees in ons. Dit is opvallend hoe

72 Om met onwrikbare oortuiging daaraan vas te hou dat die gewisse waarheid daarvan slegs uit die hemel kom; onderwerping na wil en verstand in gehoorsaamheid aan die Woord; liefde van die Woord van harte; Woord in ons harte met vaste wortels sodat dit vrug mag dra tot die lewe; vorming van onself na die maatstaf van die Woord ... – vgl. vr. 302.

73 Met “alles” verwys Calvyn natuurlik na die inhoud van die direk voorafgaande vraag, vr. 302:

B: Hoe moet jy dit [die Skrif, vgl. vr. 301 – VEd'A] gebruik om vrug daarvan te pluk?

K: As ons met onwrikbare oortuiging daaraan vashou dat die gewisse waarheid daarvan slegs uit die hemel kom; as ons na wil en verstand in gehoorsaamheid ons daaraan onderwerp; as ons dit van harte liefhet; as dit op ons harte afgeteken is en daarin vaste wortels het sodat dit vrug mag dra tot die lewe; kortom, as ons onself na die maatstaf daarvan formeer, dan sal dit ook bydra tot ons saligheid soos wat dit bestem is om te doen.

74 Suntne omnia haec in facultate nostra posita?

Nihil ipsorum prorsus, sed unius Dei est hoc totum, quod retuli, in nobis efficere spiritus sui gratia. (CStA 2,110,14-16.)

die pneumatologiese noodwendigheid van die werking van die Gees hier sterk uitgelig word.

Hier vind ons 'n kenmerkende reformatoriese formulering wat aan die *sola*-uitsprake van die vroeë (Lutherse) Reformasietyd herinner. Die *sola gratia*-beginsel, wat histories hoofsaaklik soteriologies gerig is, word hier ook op die Skrifleer toegepas – dit is nie binne die vermoë van die mens nie, maar “volkome binne dié van die enige God” om die vrug van die Woord deur sy Gees te werk, en dan alleen *uit genade*. Die pneumatologiese inbinding, wat wel algemeen-reformatories kenmerkend is, is in die besonder 'n karakteristieke eienskap van Calvyn se Skrifleer. Hy beklemtoon altyd weer die onvoorwaardelike reformatoriese eis van die binding van Woord en Gees (vgl. D'Assonville, 2008:375; Opitz, 2008:236-238). Dit is nie sonder rede nie dat Wendel (1968:133) in hierdie verband en met breedvoerige bewysvoering opmerk: “Das innere Zeugnis des Heiligen Geistes ist für Calvin die vornehmste Grundlage der Schriftautorität”. In hierdie opsig is die teologie in sy Kategismus ooreenstemmend met sy ander geskrifte.

11. Slot

Ofskoon dit deur sy eenvoudige taalgebruik feitlik weggesteek word, lewer 'n ondersoek oor Calvyn se (onderliggende) teologie in die Kategismus besondere bevindings met verwysing na die gesagsvraagstuk en die Skrifleer op. Die resultate bevestig enersyds bestaande insigte oor Calvyn se Skrifbeskouing, andersyds lig dit verrassende nuanses en aspekte uit, veral binne die konteks van kate-gese. Die Kategismus se invalshoek oor kennis van God as belangrikste doel in die mens se lewe sluit aan by die inleidende sin van die *Institusie*. In hierdie verband is die beroep op die Woord as oorsprong vir die gesag van die onderrig in die inleidende vrae van die Kategismus veelseggend. Met die begrip *Woord* (*verbum*) word implisiet na die Skrif verwys, terselfdertyd word dit direk met die openbaring in Christus verbind. Calvyn gebruik die begrip *Woord* dinamies wanneer hy die Christusopenbaring op die Skrif betrek, gesien teen die agtergrond van sy vertrekpunt dat kennis van God in Christus die grondslag vir ons geloofsvertroue vorm. Die *Apostoliese Geloofsbelydenis* dien as samevatting van hierdie kennis. Omdat die *Apostoliese Geloofsbelydenis* “vasstaan uit die Woord”, het dit gesag ten opsigte van die oorsprong daarvan, want dit berus direk op die Skrif. Die Skrif se primaat word hierdeur in die gesagsvraag uitgelig.

Opvallend van Calvyn se omgang met die kategetiese materiaal is die personifikasie waarmee in verskillende variasies van formuleringe in die Kategismus na die Skrif as gesaghebbend verwys word. Dit bied 'n besondere perspektief op Calvyn se Skrifbeskouing deurdat die Skrif in die rol van die handelende onderwerp op dieselfde vlak figureer as die “bevel van God” self, of as Christus, of as die Here wat spreek. Aansluitend hierby is die wyse waarop Calvyn na die hele Skrif verwys. Dit wat die (hele) Skrif sê of getuig, word nie geskei van dít wat Christus of die Here sê wat die gesag daarvan betref nie – die hele Skrif word as die Woord van God geag en geld vir die (hele) kerk as sodanig. Uiteraard bevestig dit die reformatoriese beginsel dat met *sola Scriptura* ook *tota Scriptura* en *una Scriptura* veronderstel word.

Calvyn se dinamiese aard van omgang met die Skrif gee geen blyke van 'n statiese, rigiede, skolastiese Skrifbeskouing nie. Opvallend is die feit dat Calvyn nêrens in die Kategismus – soos trouens nêrens in enige geskrif van hom – die begrip *Bybel* gebruik nie. Dit sou in sy Skrifbeskouing ook nie inpas nie, want die begrip of naam *Bybel*, hoe duidelik dit ook histories verklaar kan word, bly abstrak, in teenstelling met byvoorbeeld die terme *Skrif* of *Woord*. In Calvyn se Skrifleer bly hy, soos kenmerkend in sy teologie, sover moontlik by begrippe uit die Skrif self. Hy hanteer in sy verwysing na die Skrif dus by voorkeur begrippe soos *Skrif*, *Skrifte*, *die profete en die apostels* of uitdrukkings soos *dit wat geskryf is* of *in die Skrifte staan*. Die Skrif geld volgens Calvyn in sy Kategismus as voldoende gesaghebbende begronding vir teologiese en belydenisuitsprake.

By die verskillende terme waarmee Calvyn na die Skrif verwys, veronderstel hy konsekwent die werking van die Heilige Gees in die gelowige. Die intrinsieke verhouding tussen Woord en Gees by die gelowige se lees, bestudering en uitleg van die Skrif staan absoluut vas en is noodwendig – sonder die werking van die Gees is daar geen moontlikheid of sprake daarvan dat die Skrif as Woord van God reg gelees of verstaan kan word nie. Samevattend is die slot-som in hierdie opsig dat Calvyn se Skrifleer nie net soteriologies en christologies nie, maar ook pneumatologies begrond word. Calvyn se Kategismus stel dus 'n teëpool teenoor Semler se skeiding van Skrif en Woord. Laasgenoemde – die negering van die intrinsieke verband tussen Skrif en Woord – bring nie net die Skrifleer nie, maar ook die soteriologie en dus die Godsleer, Christologie en Pneumatologie noodwendig in gedrang.

Die verhouding tussen Skrif en Woord is duidelik, maar gediferensieerd deurdat die Skrif as die Woord van God gesien word,

met alle gesagsimplikasies daaraan verbonde, sonder om die twee begrippe as wedersyds uitruilbaar te beskou. Die begrip *Woord* is ruimer en word ook gebruik met verwysing na die Skrif. Daarom formuleer Calvyn, in sy nie-skolastieke omgang met hierdie leerstuk binne die samehang van sy teologiese siening van die genademiddele, die belydenis nooit ongenueanseerd omgekeerd (in die sin van die Woord as die Skrif) nie. Juis omdat die Skrif die Woord is, met ander woorde, omdat dit God is wat spreek, het dit gesag en moet dit gehoorsaam word – deur die genadige werking van die Heilige Gees.

Die pedagogiese wyse waarop Calvyn die verband tussen Skrif en Woord binne die samehang van die binding aan die werk van die Heilige Gees in die kategismus in eenvoudige terme uiteensit, bied 'n besondere perspektief op die onderliggende teologiese wesens-trekke van sy Skrifbeskouing. Hierdie perspektief, wat binne die op-set van die kategese op 'n eenvoudig verstaanbare wyse tot sy reg kom, is die primaat van die Skrif as Woord, betrek op die absolute noodsaak van die werking van die Gees – deur die Woord – in die gelowige.

Geraadpleegde bronne

- BALKE, W. 2003. *Calvijn en de Bijbel*. Kampen: Kok.
- BERKOUWER, G.C. 1967. *De Heilige Schrift*. Dl. 2. Kampen: Kok. (Dogmatische Studiën.)
- BUSCH, E. 2003. *Credo: das Apostolische Glaubensbekenntnis*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- CALVIN, J. 1863-1900 [1531-1564]. *Ioannis Calvini Opera Quae Supersunt Omnia*, Vol. I-LIX. 1863-1900. *Ediderunt* G[W]. Baum, E. Cunitz & E. Reuss. Vol. I-LIX, in *Corpus Reformatorum*, Vol. XXIX-LXXXVII. Bruns-vigae/Berolini: C.A. Schwetschke et filium. [= CO 1-59.]
- CALVIN, J. 1926-1962. *Joannis Calvini Opera Selecta*. Vol. I-V. 1926-1962. *Ediderunt* P. Barth, G. (W.) Niesel & D. Scheuner. Monachii in Aedibus [München]: Chr. Kaiser. [= OS I-V.]
- CALVIN, J. 1981 [1545]. *Calvyn se Kategismus*. Uit die Latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- CALVIN, J. 1997 [1545]. *Der Genfer Katechismus von 1545*. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von E. Saxer. (In Busch, E., Heron, A., Link, C., Opitz, P., Saxer, E. & Scholl, H., *Hrsg.* Calvin-Studienausgabe. Band 2: Gestalt und Ordnung der Kirche. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener. S. 1-135.) [= CStA 2.]
- CO
kyk CALVIN, J. 1863-1900 [1531-1564]
- CStA
kyk CALVIN, J. 1997

- D'ASSONVILLE, V.E. 1998. Die Heilige Skrif as Woord van God: met spesifieke verwysing na die Petrusbriewe en soos vertolk in artikel 3 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydraes, Reeks A, nr. 79.)
- D'ASSONVILLE, V.E. 2001. Der Begriff "doctrina" bei Johannes Calvin – eine theologische Analyse. Münster/Hamburg/London: LIT-Verlag.
- D'ASSONVILLE, V.E. 2008. Exegese und Doctrina. (In Selderhuis, J., Hrsg. Calvin Handbuch. Tübingen: Mohr Siebeck. S. 372-378.)
- DE GREEF, W. 2009. Johannes Calvin: eine Einführung in sein Leben und seine Schriften. Übersetzung aus dem Niederländischen von R. Laubert. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- FILSER, H. 2001. Dogma, Dogmen, Dogmatik: eine Untersuchung zur Begründung und zur Entstehungsgeschichte einer theologischen Disziplin von der Reformation bis zur Spätaufklärung. Münster: Lit Verlag. (*Studien zur systematischen Theologie und Ethik*, Bd. 28.)
- FREUDENBERG, M. 2008. Katechismen. (In Selderhuis, J., Hrsg. Calvin Handbuch. Tübingen: Mohr Siebeck. S. 204-212.)
- HESSELINK, I.J. 1997. Calvin's first Catechism: a commentary featuring Ford Lewis Battles's translation of the 1538 Catechism. Louisville: Westminster John Knox. (Columbia Series in Reformed Theology, Columbia Theological Seminary.)
- HIRSCH, E. 1968⁴. Geschichte der neuern evangelischen Theologie im Zusammenhang mit den allgemeinen Bewegungen des europäischen Denkens. 4. Band. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn.
- JACOBS, P. 1959. Theologie reformierter Bekenntnisschriften in Grundzügen. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- KOOPMANS, J. 1983[1938]. Het oudkerkelijk dogma in de Reformatie, bepaaldelijk bij Calvijn. Amsterdam: Ton Bolland.
- MÜLLER VON BLUMENCRON, M. & MASCOLO, G., Hrsg. 2009. Die Geburt der Moderne: Zeitenwende um 1500 – als die Welt sich neu erfand. *Spiegel Geschichte*, 5:29, Sept.
- MULLER, R.A. 1985. Dictionary of Latin and Greek Theological Terms. Grand Rapids: Baker Book House.
- NEUSER, W.H. 1976. Theologie des Wortes – Schrift, Verheißung und Evangelium bei Calvin. (In Neuser, W.H., Hrsg. Calvinus Theologus: die Referate des Europäischen Kongresses für Calvinforschung vom 16. bis 19. September 1974 in Amsterdam. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener. S. 17-37.)
- NEUSER, W.H. 1994. Calvins Verständnis der Heilige Schrift. (In W.H. Neuser, Hrsg. Calvinus Sacrae Scripturae Professor: die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 20. bis 23. August 1990 in Grand Rapids. Grand Rapids: Eerdmans. S. 41-71.)
- NEUSER, W.H. 1998². Dogma und Bekenntnis in der Reformation: von Zwingli und Calvin bis zur Synode von Westminster. (In Andresen, C. & Ritter, A.M., Hrsg. Handbuch der Dogmen- und Theologiegeschichte. Band 2. Überarbeitete und ergänzte Ausgabe. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht (UTB). S. 167-352.)
- NEUSER, W.H. 2009. Johann Calvin: Leben und Werk in seiner Frühzeit 1509-1541. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Reformed Historical Theology, Vol. 6.)

- OPITZ, P. 1994a. Calvins theologiese Hermeneutik. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- OPITZ, P. 1994b. Einleitung [Gegen die Verleumdungen des P. Caroli 1545]. (In Busch, E., Heron, A., Link, C., Opitz, P., Saxer, E. & Scholl, H. Hrsg. Calvin-Studienausgabe. Band 1: Reformatorische Anfänge (1533-1541). Teilband 1/1: Gestalt und Ordnung der Kirche. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener. S. 225-229.)
- OPITZ, P. 2008. Schrift. (In Selderhuis, J., Hrsg. Calvin Handbuch. Tübingen: Mohr Siebeck. S. 231-240.)
- OS
kyk CALVIN, J. 1926-1962
- SAXER, E. 1997. Einleitung [Genfer Katechismus von 1545]. (In Busch, E., Heron, A., Link, C., Opitz, P., Saxer, E. & Scholl, H. Hrsg. Calvin-Studienausgabe. Band 2: Gestalt und Ordnung der Kirche. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener. S. 1-10.)
- SCHEIBLE, H. 1967. Einführung. (In Scheible, H., Hrsg. Semler, Johann Salomo: Abhandlung von freier Untersuchung des Canon. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn.) (Texte zur Kirchen- und Theologiegeschichte, Heft 5.)
- SCHULZE, L.F. 1980. Calvyn en die Skrifgesag. In *die Skriflig*, 14(56):27-39, Des.
- SEMLER, J.S. 1967[1771/1776]. Abhandlung von freier Untersuchung des Canon [1. Teil]. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn. (Scheible, H., Hrsg. Texte zur Kirchen- und Theologiegeschichte, Heft 5.)
- SIMPSON, H.W. 1981. Voorwoord deur die vertaler. (In Calvin, J. Calvyn se Kategismus. Uit die Latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. [p. ii-iv.]
- VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde dogmatiek. Kampen: Kok.
- VAN 'T VEER, M.B. 1942. Catechese en catechetiese stof bij Calvijn. Kampen: Kok.
- VERBOOM, W. 1986. De catechese van de Reformatie en de Nadere Reformatie. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- WENDEL, F. 1968. Calvin: Ursprung und Entwicklung seiner Theologie. (Überarbeitete Ausgabe, übersetzt aus dem Französischen [Calvin: Sources et évolution de sa pensée religieuse] von W. Kiesel.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.

Kernbegrippe:

Calvyn
Geneefse Kategismus
Katkisasie
Skrifbeskouing
Skrifleer

Key concepts:

Calvin
Catechism of Geneva
catechetics
Scripture, view of
Scripture, doctrine of